

Waardetoevoeging by die hout van Namibië se inheemse indringer-bossoorte

Veld in Namibië se veeboerderygebiede word ernstig deur bosverdigting bedreig en ondervind gevolglik drasties verminderde drakrak, aanvulling van ondergrondse water en grondvog-inhoud. Inheemse indringerbossoorte wat bosverdigting veroorsaak, moet uitgedun word om die produktiwiteit van die grond te herstel, maar dit is 'n duur proses. Die onkoste van bosbeheer beloop maklik duisende dollar per hektaar (N\$/ha) en gegewe die groot oppervlakte van kommersiële plase kan dit miljoene dollar vir 'n plaas beloop. Slegs enkele boere kan hierdie belegging bekostig, ten spyte van die onbestrede langtermyn voordele van bosbeheer. Bosbeheer kan egter ekonomies haalbaar wees indien hout wat van inheemse indringerbossoorte afkomstig is in ekonomies bruikbare produkte omskep en verkoop word om die koste van die bosbeheer te verhaal, of selfs 'n ekstra inkomste te genereer, soos byvoorbeeld:

Houtskool



Houtskoolvervaardiging is 'n gevestigde bedryf in Namibië. Baie min houtskool word plaaslik gebruik omdat die meeste daarvan uitgevoer word. Namibië is die vyfde grootste uitvoerder van houtskool met 'n geskatte jaarlikse uitvoervolume van 100 000 tot 120 000 ton. Die meeste houtskool word op kommersiële veeplase in die Grootfontein-, Outjo-, Otjiwarongo- en Okahandja-distrikte vervaardig.

Houtskool word gewoonlik deur individuele werkers op plase gemaak en dan aan verwerkers verkoop wat die produk verpak en uitvoer.

Pale



Pale is 'n algemene produk wat uit Namibiese indringerbos gemaak word. Die pale word hoofsaaklik vir die konstruksie van tradisionele huise en omheinings gebruik. Die mark vereis gewoonlik reguit pale van 'n standaard lengte en deursnee.

Studies het bevind dat Namibië self jaarliks 334 000 m³ pale vervaardig asook 'n verdere N\$ 2 miljoen se pale invoer

Houtkerfwerk



Die kerf van ornamente uit die hout van indringerbosse is 'n kleinskaalse besigheidsgeleentheid. Verskeie inheemse indringerbossoorte is geskik vir kerfwerk, asook die hout van die uitheemse "Prosopis" indringerbos, omdat die stamme groot en die hout baie mooi en hard is. Namibië het baie bekwame houtkerwers omdat houtkerfwerk 'n eeue-oue tradisie in verskeie streke van die land is. Hulle kerf artikels vir eie gebruik, byvoorbeeld bakke, skottels en kookgerei se handvatsels, of artikels van ornamentele waarde, baie waarvan aan toeriste verkoop word. Alhoewel ornamentele houtkerfery 'n hoë winsgrens kan hê, is die mark relatief klein.

Bosvoer



Bosvoer of boskos is 'n ideale waardeketting vir vee- en wildboere omdat dit indringerbosse tot veevoer verwerk. Verskeie indringerbossoorte is geskik hiervoor, maar slegs hulle klein takkies en blare moet gebruik word vir die beste gehalte boskos. Hout met te veel lignien belemmer die spysverteringsproses. Boskos kan in verskeie voermengsel gebruik word.

Die produksieproses begin met die insameling van klein, blaarryke takke wat geskik is vir boskos, wat dan met 'n kerwer grof gekerf, gedroog en met 'n hamermeul fyn gemaal en dan met verskeie aanvullings (bv. melasse, ureum, peule) gemeng word. Die boskosmengsel se voedings-waarde hang af van die doel van die voer (bv. oorlewings-, groei- of voerkraalrantsoen).

Vuurmaakhout



Hout word nog algemeen in Namibië gebruik om te kook. Daar word geskat dat 550,000 ton hout per jaar vir vuurmaak- en kookdoeleindes gebruik word. Data van die 2011 bevolkingsensus toon dat 53% van Namibiese huishoudings hout vir kookdoeleindes en 46% dit vir verhitting benodig.


Die waardeketting van vuurmaakhout in Namibië is swak ontwikkel. Meeste mense wat van vuurmaakhout afhanklik is vir verhitting en kookdoeleindes, bly in landelike gebiede waar die prys van vuurmaakhout laer is as die potensiële markprys en waar dit op 'n nie-industriële basis geproduseer word. Slegs in die luukse waardeketting, wanneer hout vir kaggel- en braavleisvure gebruik word, is pryse aansienlik vir kommersiële vuurmaakhoutproduksie.

Saamgeperste vuurmaakhout



Saamgeperste vuurmaakhout is nog 'n produk wat op ekonomiese skaal uit indringerbos vervaardig word. Dit staan as bosbrikette of houtblokke bekend. 'n Namibiese produk wat tans deur die Jagluiperd Bewaringsfonds (CCF) in Otjiwarongo vervaardig word, staan bekend as "bosblok". Saamgeperste vuurmaakhout word gemaak deur fyngemaalde bos-biomassa met druk en hitte saam te pers. Dit word hoofsaaklik vir binnenshuise verhitting en ontspanning soos vleisbraai gebruik. Weens sy hoë digtheid brand bosbrikette langer as konvensionele vuurmaakhout.

Boumateriaal



Konstruksiemateriaal van suiwer hout of met 'n houtbasis kan in verskeie vorms, bv. stene, blokke, planke of panele gemaak word. Verskillende produkte soos bakstene (solied of hol), vloerplanke en vooraf-vervaardigde muurpanele kan van 'n mengsel van hout en sement gemaak word. Dit word as buitemuurse boumateriaal, vir afskortings, plafonne, klankdemping, muurbedekking, dakpanele, hortjies en luike gebruik en hoofsaaklik uit medium-dig veselbord gemaak. Boumateriaal kan ook uit 'n mengsel van hout en plastiek (sg. houtplastieksement) vervaardig word. Sodanige produkte word hoofsaaklik van saagsels en politeen gemaak en is geskik vir vloerbedekking of dekmateriaal.

Houtspaanders



Die gebruik van indringerbossoorte vir die opwekking van bio-energie hou groot potensiaal in vir Namibië. Indringerbos word meganies geoes en in houtsplinters of - spaanders van bepaalde groottes gekerf. As hierdie produk in kragstasies verbrand word, kan hitte op industriële skaal en elektrisiteit vir mini- of aanlyn-kragnetwerke opgewek word.

In Namibië het twee maatskappye (Ohorongo Sement en die Namibiese Brouerye) reeds biomassa-stoomketels geïnstalleer. NamPower evalueer tans die uitvoerbaarheid van biomassa-kragaanlegte in ooreenstemming met die Hernieubare Energiebeleid wat onlangs vir Namibië ontwikkel is.